Verwysing: 20181114-8619
Lêerno.: 13/1/1/3
Navrae: Kringbestuurders/Assesseringskoördineerders

Omsendbrief: 0045/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-onderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Verbintenisooreenkoms ten opsigte van die bevorderingstelsel en die toepassing van die meervoudige eksamengeleentheid (MEG).*

**Onderwerp: Verbintenisooreenkoms ten opsigte van die bevorderingstelsel en die toepassing van die meervoudige eksamengeleentheid (MEG)**

1. Ingevolge die *Regulations pertaining to the National Curriculum Statement Grades R−12*, afgekondig in Kennisgewing No. R1114, *Regulasiekoerant No. 9886* van 28 Desember 2012, mag 'n leerder een keer in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase agtergehou word om te voorkom dat die leerder vir langer as vier jaar in hierdie fase agterbly.

2. Dit beteken dat 'n leerder wat nie aan die bevorderingsvereistes in graad 10 of graad 11 voldoen nie nadat die graad herhaal is, **toegelaat mag word om** tot die volgende graad **bevorder te word**. Maar, sodanige leerder moet aan alle vereistes van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) aan die einde van graad 12 voldoen vir toekenning van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS).

3. Met inagneming hiervan, is die **bevordering** tot óf graad 11 óf graad 12 onderworpe aan die volgende kriteria:

(a) Die leerder moes óf graad 10 óf graad 11 gedruip, en óf graad 10 óf graad 11 herhaal het.
(b) Die leerder moes 30% in vier van die sewe vakke wat vir die NSS aangebied word, behaal het. Dit sluit Taal van Leer en Onderrig (TLO) en drie ander vakke uit Groepe A en/of B in, insluitend Lewensoriëntering.
(c) Die leerder moes gereeld skool bygewoon het. Afwesigheid van meer as 20 onderrigdae sonder 'n geldige rede sal die leerder diskwalifiseer om bevorder te word. Dit geld as ongereelde bywoning.
(d) Die leerder moes aan die voorgeskrewe skoolgebaseerde assesserings (SGA)-vereistes vir alle vakke wat aangebied word, voldoen het, insluitend die vakke wat gedruip is.

4. Die meervoudige eksamengeleentheid (MEG) aan die einde van graad 12 mag **slegs** aan leerders wat van graad 11 tot graad 12 bevorder is, gebied word om sy/haar NSS-eksamens suksesvol te voltooi.

5. Die MEG is 'n toegewing wat gemaak word om 'n minimum van vier vakke (insluitend Lewensoriëntering) in die graad 12-jaar af te lê en die oorblywende vakke in die Junie-eksamens van die volgende jaar. Dit mag slegs aangebied word as daar aan **al** die volgende kriteria voldoen word:

Die graad 12-leerder moes:
(a) vanaf graad 11 tot graad 12 bevorder wees;
(b) **al** sy/haar SGA-vereistes in **al** sewe vakke in graad 12 voltooi het;
(c) skool gereeld bygewoon het (afwesigheid van meer as 20 onderrigdae sonder 'n geldige rede);
(d) die September-eksamens in alle vakke afgelê het; **en**
(e) 'n **minimum van drie** vakke in die 2018 September-eksamens gedruip het.

6. Die MEG-opsie is ingestel om leerders wat van graad 11 tot graad 12 bevorder is, te akkommodeer. Hierdie leerders se prestasies in graad 12 mag aandui dat hulle nie die vereistes wat gestel word om al ses vakke in een sessie te skryf, sal kan hanteer nie.

7. Alle skole moet saam met hulle ouers/voogde vanaf November 2018 getrou bly aan die bevorderingstelselprosedures en die toepassing van die MEG.

7.1 Nadat die besluit oor die bevordering van 'n graad 11-leerder tot graad 12 op skoolvlak geneem is, sal die ouers/voogde van alle leerders wat bevorder is, versoek word om 'n **verbintenisooreenkoms (Bylae A)** te teken, waar:

(a) die ouer/voog erken dat sy/haar seun/dogter nie aan die kriteria voldoen het om tot graad 12 te vorder nie;
(b) die ouer/voog erken dat sy/haar seun/dogter 'n spesiale toegewing toegestaan is om tot graad 12 bevorder te word; en

(c) die ouer/voog erken dat die prinsipaal, in oorlegpleging met hulle, sal versoek dat hulle 'n aansoek moet teken sodat die leerder die MEG-proses aan die einde van graad 12 kan volg **(Bylae B)**, mits die leerder aan al die kriteria voldoen.

7.2 Hierdie proses moet teen 20 Januarie elke jaar afgehandel wees. Die getekende verbintenisooreenkoms moet by skole geliasseer word en beskikbaar gestel word vir bevestiging.

7.3 Die prinsipaal en kringbestuurder moet seker maak dat die stand van die leerder wat bevorder is korrek op SOBIS teen 20 Januarie elke jaar aangedui word.

7.4 Die prinsipaal moet deur die hele graad 12-jaar voldoende ondersteuning aan die bevorderde leerder bied.

7.5 Die prinsipaal moet die prestasie van die bevorderde leerder in elke kwartaal monitor en die ouer/voog van 'n geskrewe verslag oor die leerder se vordering aan die einde van elke kwartaal voorsien.

7.6 Elke kwartaallikse verslag moet die vak(ke) waarin die leerder nie goed presteer het nie aandui, en die leerder mag derhalwe versoek word om daardie vak(ke) na die Junie-eksamens van die volgende jaar te verskuif en dit dan te skryf.

7.7 Dit behels dat die besluit oor of die bevorderde leerder die MEG-opsie sal volg, sal afhang van die leerder se prestasie in die afsonderlike vakke in kwartaal een en kwartaal twee en in die voorbereidende eksamen in kwartaal drie. Die prestasie in die voorbereidende eksamen sal die hoof-beslissende faktor wees wat sal bepaal of 'n leerder versoek sal word om die MEG-opsie te volg.

7.8 Na die voorbereidende eksamen in September, mag die prinsipaal die ouer/voog en die bevorderde leerder raadpleeg oor die aansoek om die MEG-opsie.

(a) Die MEG-opsie is slegs van toepassing op leerders wat tot graad 12 bevorder is en aan al vyf kriteria voldoen het.
(b) Leerders wat tot graad 12 bevorder is en 'n aanvaarbare prestasievlak in alle vakke in hulle graad 12-jaar getoon het, sal toegelaat word om al ses vakke in die graad 12-eksamens af te lê.
(c) Die prinsipaal sal op die aansoek, **Bylae B**, die vier vakke (insluitend Lewensoriëntering) aandui wat in die graad 12-jaar geskryf sal word, en die drie vakke wat in die Junie-eksamen van die volgende jaar geskryf sal word.
(d) Die prinsipaal moet die getekende **Bylae B** en ander toepaslike dokumentasie bêre ingeval bewys daarvan deur die distrikskantoor of Hoofkantoor aangevra word.
(e) Die identifikasie van die MEG-leerders moet op SOBIS aangebring word.

8. Distrikte moet die skole aandagtig monitor om te verseker dat die beleid oor leerderbevordering en die meervoudige eksamengeleentheid voldoende toegepas word.

9. Die besluite wat oor bevordering en die MEG geneem word, moet in die leerder se belang geneem word.

10. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderwysers, ouers/voogde en leerders by u skool te bring.

**GETEKEN:** HA LEWIS
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2018-12-10

# VERBINTENISOOREENKOMS DEUR DIE OUER/VOOG TEN OPSIGTE VAN DIE BEVORDERINGSTELSEL EN DIE TOEPASSING VAN DIE MEERVOUDIGE EKSAMENGELEENTHEID (MEG)

1. Ingevolge die *Regulations pertaining to the National Curriculum Statement Grades R–12*, afgekondig in Kennisgewing No. R1114, *Regulasiekoerant No. 9886* van 28 Desember 2012, mag 'n leerder een keer in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase agtergehou word om te voorkom dat die leerder vir langer as vier jaar in hierdie fase agterbly.

2. Dit beteken dat 'n leerder wat nie aan die bevorderingsvereistes in graad 10 of graad 11 voldoen nie nadat die graad herhaal is, **toegelaat mag word om** tot die volgende graad **bevorder te word**. Maar, sodanige leerder moet aan alle vereistes van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) aan die einde van graad 12 voldoen vir toekenning van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS).

3. Volgens die skool se rekords is u seun/dogter van graad 11 tot graad 12 bevorder.

4. U seun/dogter wat **van graad 11 tot graad 12 bevorder is**, mag die meervoudige eksamengeleentheid (MEG) aan die einde van graad 12 gegee word om sy/haar NSS-eksamens suksesvol te voltooi.

5. Die MEG is 'n toegewing wat gemaak word om 'n minimum van vier vakke (insluitend Lewensoriëntering) in die graad 12-jaar (2019) te skryf en die oorblywende vakke in die Junie-eksamens van die volgende jaar (2020). Dit mag slegs aangebied word as daar aan **al** die volgende kriteria voldoen word:

   Die graad 12-leerder moes:
   (a) vanaf graad 11 tot graad 12 bevorder wees;
   (b) **al** sy/haar skoolgebaseerde assesserings (SGA)-vereistes in **al** sewe vakke in graad 12 voltooi het;
   (c) skool gereeld bygewoon het (afwesigheid van meer as 20 onderrigdae sonder 'n geldige rede);
   (d) die September-eksamens in alle vakke afgelê het; **en**
   (e) 'n **minimum van drie** vakke in die September-eksamens gedruip het.

6. Die vier vakke (insluitend Lewensoriëntering) wat in die graad 12-jaar (2019) geskryf sal word, sal bepaal word deur die prinsipaal, in oorlegpleging met u, die ouer/voog, en u seun/dogter. Dit sal gebaseer wees op u seun/dogter se prestasie in sy/haar graad 12-jaar en die graad 12-voorbereidende eksamen in September 2019.

7. Die MEG-opsie is ingestel om leerders wat van graad 11 tot graad 12 bevorder is, te akkommodeer. Hierdie leerders se prestasies in graad 12 mag aandui dat hulle nie die vereistes wat gestel word om al ses vakke in een sessie te skryf, sal kan hanteer nie.

8. Deur die ondertekening van hierdie verbintenisooreenkoms erken u as ouer/voog:

8.1 dat u seun/dogter nie aan die kriteria voldoen om tot graad 12 te vorder nie;

8.2 dat 'n spesiale toegewing aan u seun/dogter gemaak is om tot graad 12 bevorder te word; en

8.3 dat die prinsipaal, in oorleg met uself, 'n versoek aan u rig om 'n aansoek te teken sodat u seun/dogter die MEG-proses aan die einde van graad 12 kan volg, mits hy/sy aan al die kriteria in paragraaf 5 voldoen.

9. Die besluit oor die MEG-opsie sal slegs geneem word na:

9.1 die prinsipaal voldoende ondersteuning aan u seun/dogter deur sy/haar hele graad 12-jaar gebied het;

9.2 die prinsipaal die prestasie van u seun/dogter in elke kwartaal gemonitor het en u, die ouer/voog, voorsien het van 'n geskrewe verslag oor u seun/dogter se vordering aan die einde van elke kwartaal waarin die vak(ke) waarin hy/sy nie goed vaar nie aangedui word, en u seun/dogter mag derhalwe versoek word om daardie vak(ke) na die Junie-eksamen van die volgende jaar te verskuif en dit dan te skryf; en

9.3 die voorbereidende eksamen in September in oorleg met uself, die ouer/voog, en u seun/dogter.

Ek _____ (volle name van ouer/voog), identiteitsnommer _____ , ouer/voog van _____ (volle name van leerder), identiteitsnommer _____, het die inhoud van hierdie verbintenisooreenkoms gelees en verstaan. Ek aanvaar voorts en stem saam dat alle besluite in die belang van my seun/dogter geneem is.

_____ _____

**OUER/VOOG (NAAM EN VAN)** **OUER/VOOG (HANDTEKENING)**

_____

**DATUM**

_____ _____

**LEERDER (NAAM EN VAN)** **LEERDER (HANDTEKENING)**

_____

**DATUM**

_____ _____

**PRINSIPAAL (NAAM EN VAN)** **PRINSIPAAL (HANDTEKENING)**

_____

**DATUM**

Skoolstempel

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Assesseringsbestuur

BYLAE B

## AANSOEK OM MEERVOUDIGE EKSAMENGELEENTHEID (MEG) – 2019

SKOOL: _____ DISTRIK: _____

LEERDER: _____ EKSAMENNO.: _____

**'n Leerder wat hierdie opsie kies, moet aan al die volgende kriteria voldoen:**

**JA/NEE** is bevorder van graad 11 tot graad 12;

**JA/NEE** het sy/haar skoolgebaseerde assesserings (SGA)-vereistes in al sewe vakke voltooi;

**JA/NEE** het skool gereeld bygewoon (afwesigheid van meer as 20 onderrigdae sonder 'n geldige rede);

**JA/NEE** het die 2019 September-eksamen in alle vakke afgelê; en

**JA/NEE** het 'n minimum van drie vakke in die 2019 September-eksamen gedruip. **(Heg 'n afskrif van die September-rapport aan.)**

Die leerder voldoen aan **al** die bogenoemde kriteria en doen aansoek om die MEG-opsie om sy/haar vakke oor die twee eksamens soos volg af te lê:

**(VAKKE MOET DEUR DIE SKOOL INGEVUL WORD)**

| Vier vakke wat in 2019 geskryf gaan word | Drie vakke wat in Junie 2020 geskryf gaan word |
|---|---|
| Lewensoriëntering | |
| | |
| | |
| | |

Ek, mnr./mev./me. _____ (ouer/voog)

van _____ (graad 12-leerder) bevestig hiermee dat die skool my ingelig het oor my kind se prestasie deur sy/haar hele graad 12-jaar en voldoende ondersteuning aan hom/haar gebied het, en ek gee dus toestemming dat die vakke in November 2019 en Junie 2020 geskryf word.

_____ _____

**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG** **HANDTEKENING VAN PRINSIPAAL**

_____ _____

**DATUM** **DATUM**

Skoolstempel